

**22 Julie**

**Skrifgedeelte: Sagaria 5 en 6**

**God maak die aarde skoon**

Mense kan nie die aarde sondevry maak nie, al is daar miljoene howe, regters en tronke op aarde. Hoekom nie? Daar is altyd skelms en boewe wat met onreg wegkom bloot omdat hulle lieg, bedrieg en valse ede aflê. Dit is so dat boosaards mense kan mislei, maar nie vir God nie. Hy sien alles en voer ook sy strawwe uit. Hoe God die aarde sondevry maak, sien ons in gesigte ses, sewe en agt.

In die sesde gesig sien ons 'n groot boekrol waarin die Goddelike oordele oor al die onregwerkers opgeskrywe staan. Hulle huise gaan verwoes word (vers 4). Só maak God die land skoon van onreg. Ons sien dit daagliks gebeur.

In die sewende gesig word die sonde voorgestel as 'n vrou wat in 'n mandjie toegemaak word en na Sinar (Babel, simbool van die hel) weggevoer word. Die Here gaan die bron van die sonde vernietig. Satan en sy magte gaan in die hel gewerp word (Op 20:10).

In die agtste gesig sien ons die koms van die Gees wat Hom enersyds rig teen die sonde (van die noorde af, dis Babel) en andersyds heiligend in die kinders van God werk wat nog in Babel is.

Sien jy ook uit na 'n nuwe aarde totaal vry van alle boosheid? Dis naby!

*Sing: Skrifberyming 33:1,3      Dr NP Heystek (Wapadrant)*